Bybel vir Kinders

bied aan

Veertig Jaar



Geskryf deur: Edward Hughes
Ge-illustreer: Janie Forest; Alastair Paterson
Aangepas deur: Lyn Doerksen
Vertaal deur: Hannelie Niemandt
Vervaardig deur: Bible for Children
www.M1914.org

BFC
PO Box 3
Winnipeg, MB R3C 2G1
Canada

©2021 Bible for Children, Inc.
Lisensie: U het die reg om hierdie stories te kopieër en te druk maar u mag dit nie verkoop nie.



God het die Israeliete gered uit Egipte, Moses het hulle God laat aanbid. Hy het 'n lied gemaak vol lof. "Ek wil sing tot God want hy het triomfeer." Moses het gesing van al die groot dinge wat God vir Israel gedoen het.

HALELUJA!

EER AAN GOD!



Na drie dae in die woestyn het die dorstige mense water gevind, maar hulle kon dit nie drink nie dit was bitter. In plaas van om te bid het hulle gekla. God was baie goed.

Hy het die water goed gemaak om te drink.



Die mense het oor alles gekla. "Ons het kos gehad in Egipte. Hier in die woestyn gaan ons sterf van die honger," het hulle gesê. Die aand het God voëls gestuur wat die mense maklik kon vang.

Die volgende oggend het God manna gestuur. Dit was 'n soort brood wat soos heuning wafels geproe het. Elke oggend het die manna op die grond gelê om opgetel te word.

God het vir sy mense gesorg in die woestyn.

Hulle moes God elke dag vertrou vir kos. Party mense het ekstra manna bymekaar gemaak, al het God gesê dit sal sleg word oornag.



Verseker het gister se manna wurms gekry – behalwe op die Sabbat. Op die spesiale sewende dag het die mense gerus en gister se manna geëet.



God het die woestyn. Hy gegee - en hulle vyande. Wanneer
Israeliete versorg in die
het vir hulle kos en water
beskerm teen hul
die Amalakiete hulle
aangeval het, het
die Israeliete
bly wen solank
as Moses die
staf van God
opgehou
het.



God het aan die Israeliete gesê, "As jul na My stem luister sal julle My volk wees." "Alles wat God beveel, sal ons doen," het die mense vir Moses gesê. Hulle het by die Sinai gebergte gekom en vir Moses gewag terwyl hy op God wag.



Moses was saam met God op die berg vir veertig dae. God het die Tien Gebooie geskryf op twee klip tafels. Hy het aan Moses gesê hoe Hy wil hê sy volk moet lewe.

1. “Jy mag geen ander gode voor My aangesig hê nie”.
2. “Jy mag jou nie buig voor enige beelde”.
3. “Jy mag die naam van God nie ydelik gebruik nie”.
4. “Heilig die Sabbat”.
5. “Eer jou vader en jou moeder”.

6. “Jy mag nie moord pleeg nie”.

7. “Jy mag nie egbreek pleeg nie”.

8. “Jy mag nie steel nie”.

9. “Jul mag nie leuens vertel nie”.

10. “Jy mag nie begeer nie”.



Terwyl Moses op die berg Sinai was saam met God het die Israeliete gesondig. Hulle het Aäron beveel om 'n goue kalf te maak. Hulle het die kalf aanbid in plaas van God. God was baie kwaad en Moses ook.

Toe Moses die kalf sien en die mense daarom sien dans het hy die klip tafels op die grond gegooi. Baie kwaad het Moses die goue kalf vernietig. Hy het ook die slegte mense wat dit aanbid het gedood.

God het die twee klip tafels vervang. Hy het aan Moses gesê om 'n Tabernakel te bou. 'n Groot tent met 'n heining om – waar God sou wees saam met sy volk. Hulle moes God daar aanbid. Die mistige wolk en vuur het gewys dat God met hulle was.



Toe hulle naby Kanaän kom het Moses twaalf verspieders gestuur om te gaan kyk hoe lyk die land wat God Sy volk belowe het. Hulle het teruggekom en dit was baie mooi! Net Joshua en Kaleb het geglo dat hulle die land kan oorwin met God se hulp.

Die ander tien verspieders was bang vir die sterk stede en die reuse. "Ons kan nie die land vat nie," het hulle gekla. Hulle het vergeet wat God gedoen het om hulle uit Egipte te kry.

Die mense het die tien ongelowige verspieders geglo. Hulle het gekla en reggemaak om Egipte toe te gaan. Hulle wou selfs vir Moses doodmaak!



God het Moses se lewe gered. Hy het toe aan die volk gesê, "Veertig jaar sal jul in die wildernis rond trek. Net Kaleb en Joshua en julle kinders sal lewe om die beloofde land in te gaan."



Veertig Jaar

'n Storie uit God se woord, die Bybel,

soos gevind in

Exodus 15 - Numbers 14

"Die lees van die Woord gee lig."
Psalms 119:130

Die Einde

Die Bybel storie vertel ons van ons wonderlike God wat ons gemaak het en wat wil he dat ons Hom sal leer ken.

God weet ons het verkeerde dinge gedoen, Hy noem dit sonde. Die straf vir sonde is die dood, maar God het ons so lief dat hy sy Seun, Jesus vir ons gestuur het wat vir ons sondes aan die kruis kom sterf het. Jesus het opgestaan uit die dode en opgevaar na die Hemel! Wanneer jy in Jesus glo en Hom vra om jou te reinig van al jou sonde, sal hy dit doen! Hy sal saam met jou stap deur die lewe, en jy sal vir ewig lewe saam met Hom.

As jy glo dat dit die waarheid is, se die volgende vir God:
Liewe Jesus, ek glo dat U God is, en mens geword het om vir my sondes te kom sterf en nou vir ewig lewe. Kom stap asseblief saam met my deur my lewe en vergewe my my sondes, sodat ek 'n nuwe lewe kan he, sodat ek eendag saam met U vir ewig kan lewe. Help my om vir U te luister en gehoorsaam te wees, sodat ek vir U sal lewe en U kind genoem kan word. Amen

Lees die Bybel en praat met God elke dag! Johannes 3:16